Bybel vir Kinders

bied aan



'n Slegte tyd vir Jesus

Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Byron Unger; Lazarus

Aangepas deur: M. Maillot; Sarah S.

Vertaal deur: Yvette Brits

Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

©2013 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Toe Jesus gedoop is, het God gepraat. Hy het gesê, "Dit is My Geliefde Seun. Oor Hom verheug ek My." God se HEILIGE GEES het op Jesus neergedaal soos 'n duif.

Kort daarna, het God se Heilige Gees, Jesus in die woestyn in gelei. Jesus was alleen.

Jesus het gevas vir veertig dae.
Dit beteken Hy het nie enige kos geëet nie. Hy was baie honger.

Die Bybel sê daar was wilde diere ook.

Satan het gekom om Jesus in die versoeking te lei. Lank terug het hy vir Adam en Eva in die Tuin van Eden in die versoeking gelei om ongehoorsaam te wees aan God. Nou was dit Jesus wat getoets word.

Satan kon prober om tot God se Seun, Jesus in die versoeking te lei.

"As Jy God se Seun is," het die duiwel gesê, "verander hierdie klippe in brood." Hy het geweet Jesus was honger. Hy het geweet Gos se Seun kon klippe in brood verander. Sou Jesus die duiwel gehoorsaam?

Nee! Jesus het nie die duiwel gehoorsaam nie. In plaas daarvan het Hy geantwoord uit God se Woord. "'n Mens leef nie net van brood nie maar van elke word wat uit die mond van God kom."

Toe het Satan vir Jeus geneem na die groot stad Jerusalem, na die groot tempel waar die mense God aanbid het. Wat sou die duiwel volgende doen?

"As Jy God se Seun is, gooi jouself af," het die duiwel gesê. "Sy woord sê Sy engele sal Jou red."

“Nee!” het Jesus geantwoord. “Daar staan ook geskrywe: Jy mag die Here jou God nie op die proef stel nie.”





Die duiwel het weer prober. Hy het vir Jesus uit die stad geneem na 'n baie hoë berg toe.

Hy wys vir Jesus al die koningkryke van die wêreld met hulle prag en sê, "Dit alles sal ek vir U gee as U neerval en my aanbid."

Maar Jesus sê vir hom: "Gaan weg, Satan, want daar staan geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien."



Daarna het die duiwel Hom met rus gelaat. Toe het iets wonderlik gebeur. God het engele gestuur om Hom te troos en te versorg – Jesus Sy Seun – wat nie die duiwel gehoorsaam het nie.



'n Slegte tyd vir Jesus

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Matteus 4, Lukas 4

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16